



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**RELIGIESTUDIES V1
FEBRUARIE/MAART 2010**

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

aanbidding; Arabiese; Pali Kanon; Tanag; Upanishads; Septuagint

- 1.1.1 In Judaïsme staan die primêre geskifte gesamentlik bekend as die ... (2)
- 1.1.2 Die ... is 'n heilige geskrif van Boeddhisme. (2)
- 1.1.3 Die Koran is in die ... taal geskryf. (2)
- 1.1.4 Die ... is heilige tekste van die Hindoes. (2)
- 1.1.5 Afrika Tradisionele Godsdienste het nie 'n spesiale dag van ... nie. (2)
- 1.2 Definieer kortliks die volgende begrippe in die konteks van godsdienste:
- 1.2.1 Eendersheid (2)
- 1.2.2 Verskil (2)
- 1.2.3 Dogma (2)
- 1.2.4 Ideologie (2)
- 1.3 Kies die woord in elke groep woorde hieronder wat NIE pas nie. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.3.1 Martin Luther, Isaiah Shembe, Abraham, William Shakespeare (2)
- 1.3.2 Mekka, Jerusalem, New York, Moria (2)
- 1.3.3 Kitáb-i-Aqdas, Baha'u'lla, Baha'i, Rome (2)
- 1.3.4 Nuwe Testament, Ou Testament, Vedas, Die Vryheidsmanifes (2)
- 1.3.5 Jesus Christus, Profeet Mohammed, Siddharta Gautama, Dalai Lama (2)
- 1.3.6 Sion-Christenkerk, Nasaret-Baptistekerk (Ibandla lamaNazaretha), Internasionale Pinkster Christenkerk, Metodistekerk (2)
- 1.4 Noem DRIE vertakings van Judaïsme. (6)

- 1.5 Verduidelik die begrip *Bodhisattva* soos dit in Boeddhisme verstaan word. (6)
- 1.6 Verduidelik kortliks die begrip *verering van die voorvaders* soos dit op Afrika Tradisionele Godsdienste van toepassing is. (6)
- 1.7 Waarom word die Christelike godsdienste, Judaïsme en Islam monoteïstiese godsdienste genoem? (2)
[50]

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

- 2.1 Noem TWEE unieke kenmerke van:
- 2.1.1 Hindoeïsme (4)
- 2.1.2 Judaïsme (4)
- 2.2 Noem DRIE voordele om die vergelykbaarheid van godsdienste te bestudeer. (6)
- 2.3 Gee TWEE redes waarom die vorming van intergodsdienstige bewegings eenheid sal bevorder. (4)
- 2.4 Noem die TWEE hoofvertakkings binne Islam en identifiseer EEN onderskeidende kenmerk van elke vertakking. (8)
- 2.5 Noem TWEE hoofvertakkings van Boeddhisme. (4)
- 2.6 In die verskeie brandpunte (konflikte) in die wêreld, of dit in die Midde-Ooste, Sri Lanka of Afrika is, ... "is godsdienstige verskille nie die enigste oorsaak van geweld nie. Dit is eerder duidelik dat godsdienste deur politici gebruik word om steun vir hulself en hul partye te werf."

[Aangepas en vertaal uit: *Religion Studies Grade 12* deur Steyn et al, bladsy 232]

Stem jy saam? Bespreek die stelling hierbo met verwysing na enige EEN van die volgende konflikte:

- Die Palestina-Israel-konflik
- Die Sri Lanka-konflik
- Die oorlog in Irak
- Die konflik in suidelike Soedan

(20)
[50]

VRAAG 3

3.1 'Godsdienste gebruik soms stories of gelykenisse om 'n morele of filosofiese idee oor te dra.'

[Aangepas en vertaal uit: *Religion Studies Grade 12* deur Steyn et al, bladsy 42]

Bespreek enige gelykenis uit enige EEN godsdienst wat 'n morele, filosofiese of godsdienstige leerbeginsel oordra.

(14)

3.2 Verduidelik die term *geloof* in die konteks van elk van die volgende godsdienste:

3.2.1 Boeddhisme

(4)

3.2.2 Judaïsme

(4)

3.2.3 Baha'i

(4)

3.3 'Sekulêre humanisme is lewenskragtig in die kontemporêre wêreld ... Dit staan teenoor enige verskeidenheid van gelowe wat bonatuurlike goedkeuring vir hul waardes soek of gesag deur diktatorskap aanhang.'

[Vertaalde uittreksel uit: 'A Secular Humanist Declaration' uit *Focus Grade 12* deur R Donne et al, bladsy 78]

Bespreek enige sekulêre wêreldbeskouing onder die volgende subopskrifte:

3.3.1 Vrye ondersoek

(6)

3.3.2 Skeiding van kerk en staat

(6)

3.3.3 Rede

(6)

3.3.4 Wetenskap en tegnologie

(6)

[50]**VRAAG 4**

4.1 'Alle mense word vry en gelyk in waardigheid en regte gebore. Hulle ontvang rede en gewete en moet in die gees van broederskap teenoor mekaar optree.'

[Aangepas en vertaal uit: 'Universal Declaration of Human Rights' uit *Shuters Religion Studies Grade 12* deur J Hofmeyr et al, bladsy 168]

In die lig van die bogenoemde stelling, bespreek uit enige DRIE godsdienste hoe die idee van menseregte ondersteun word.

(18)

4.2 'Alle godsdienste plaas beperkinge op hulle volgelinge, en alhoewel hulle leringe hoë status aan mense gee, plaas hulle ook beperkinge op mense. Dus word daar gewoonlik in godsdienstige kringe aan die begrip verantwoordelikheid net soveel klem gegee as aan menseregte. Dit word beklemtoon dat daar geen regte sonder verantwoordelikhede kan wees nie.'

[Aangepas en vertaal uit: *Religion Studies Grade 12* deur Steyn et al, bladsy 208]

4.2.1 Wat verstaan jy onder die term *verantwoordelikheid*? (4)

4.2.2 Kies enige EEN godsdienst en bespreek hoe die idee van individuele verantwoordelikhede ondersteun word. (18)

4.3 'Respek vir die regte en waardigheid van ander is nie 'n onpraktiese godsdienstige idee nie, maar 'n noodsaaklike bestanddeel in die ontwikkeling van gesonde, vry en welvarende gemeenskappe.

[Aangepas en vertaal uit: *Focus Grade 12* deur R Donne et al, bladsy 78]

In die konteks van die aanhaling hierbo, dui aan hoe godsdienstvryheid in die samelewing aangemoedig word.

(10)
[50]

VRAAG 5

Lees die uittreksel en die koerantartikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'Meer as 500 jaar gelede is die pragtige Babri-moskee in Ayodhya in die provinsie Uttar Pradesh in Indië gebou. Hindoes het egter altyd beweer dat die terrein van die moskee die geboorteplek van hulle heilige god, die heer Ram, is en dat 'n tempel vernietig is om die moskee te bou. Vandag is daar 'n klompie argeologiese bewyse dat dit waar kan wees.'

[Aangepas en vertaal uit: *Religion Studies Grade 12* deur Steyn et al, bladsy 230]

DALAI LAMA WAAG DIT WAAR ANDER HUIWER

Deur Sudha Ramachandran

BANGALORE – Die Dalai Lama sal moontlik die nuwe bemiddelaar wees in die dispuut oor die Babri-masjid Ram Janmabhoomi-terrein in Ayodhya. Maar alhoewel die Dalai Lama uitstekend gekwalifiseerd is om as bemiddelaar in die dispuut op te tree, lyk die moontlikheid skraal dat hy 'n oplossing sal vind wat deur albei partye aanvaar sal word.

Die Dalai Lama, die Tibettaanse geestelike leier wat in ballingskap leef, handhaaf gewoonlik 'n lae profiel in Indië – die land waarheen hy en sy volgelinge in 1959 gevlug het na die Chinese besetting van Tibet. Hy vermy gewoonlik openbare stellings, veral oor omstrede sake, omdat sy ballingskapsregering se tuiste in Dharamshala in noordelike -Indië is.

In 'n ongewone versoek vroeër die maand, het die Dalai Lama egter 'n beroep gedoen op Indië se Hindoes en Moslems om 'n 'volwasse, versierende en onbevooroordeelde' benadering aan te neem om die dispuut oor die terrein op te los. Die Ayodhya-saak, het hy gesê, behels 'te veel politiek en emosies' en die 'meestersleutel' tot die oplossing lê in Indië se 'tradisie van godsdienstige verdraagsaamheid'.

Die dispuut handel oor 'n stuk grond wat die Hindoes glo die geboorteplek van die Hindoegod Ram is. Vandaar die naam Ram Janmabhoomi (of Ram se geboorteplek). 'n Tempel wat op hierdie terrein gestaan het, is deur Mosleminders vernietig, waarna hulle daar 'n moskee gebou het. In Desember 1992 het Hindoe-ekstremiste, gelei deur die Vishwa Hindu Parishad (VHP of Wêreld-Hindoeforum) die 16de-eeuse moskee afgebreek. Terwyl die dispuut oor die terrein vir eeue reeds bestaan, het dit slegs oor die laaste dekade betekenisvol geword in Indië se politiek.

Verskeie pogings is aangewend om die mandir-masjid-dispuut (tempel-moskee-dispuut) op te los, maar tot dusver het niks geslaag nie. Verlede jaar het die hooggeagte Hindoe-opperpriester, die Shankaracharya van Kanshi, as bemiddelaar opgetree tussen die partye van die dispuut. Die poging het misluk. Nou gaan die Dalai Lama probeer.

Die Dalai Lama het dit duidelik gestel dat hy nie tans 'n 'voorstel of agenda' het om die saak op te los nie. Hy het egter die basiese elemente van sy benadering bekendgemaak. Daar moet wedersydse vertroue tussen die partye wees, daar moet uiteindelik geen verloorders wees nie, en slegs 'n middeweg sal verseker dat daar 'n blywende oplossing gevind word.

Verder word sy bemiddeling verwelkom deur al die partye betrokke in die dispuut. Hy het nie slegs die steun van Eerste Minister Atal Bihari Vajpayee en Adjunk Eerste Minister Lal Krishna Advani nie, maar ook die Sangh Parivar, die VHP, die Shahi Imam van die Jama-masjid in Delhi en die Moslem Persoonlike Regsraad het almal aangetoon dat hulle ten gunste van die Dalai Lama se poging is.

[Aangepas en vertaal uit *Asia Times* (aanlyn)]

- 5.1 Lewer kommentaar oor die toon van die artikel. Gee DRIE redes vir jou antwoord. (6)
- 5.2 Dink jy dat hierdie artikel probeer om die saak sensasioneel te maak (te veel aandag daaraan te gee)? Ondersteun jou antwoord met VIER verwysings uit die artikel. (8)
- 5.3 Gee bewyse uit die artikel om aan te dui of 'n poging aangewend word om openbare opinie te beïnvloed. (4)
- 5.4 Dink jy hierdie artikel is bevooroordeel ten gunste van een van die gemeenskappe? Gee bewyse vir jou antwoord uit die artikel hierbo. (10)
- 5.5 Identifiseer enige EEN ander godsdienstige kwessie wat in die media gedek is. Bespreek hierdie kwessie met verwysing na respek vir godsdienstige oortuigings en vryheid van die pers. (22)

[50]

TOTAAL: 150